



# DUMELA

Junie 2020

## Liewe familie en vriende

Corrie ten Boom het eenkeer gesê: **'Wees nooit bang om 'n onbekende toekoms te lê in die hande van 'n bekende God nie.'** Haar omstandighede het uitsigloos gelyk in die konsentrasiekamp. Vir baie mense lyk die Covid-19 toestand ook uitsigloos. Tog is daar hoop vir almal wat glo in Jesus. Ons wil baie graag veranderinge sien omdat ons dink dat dit beter vir ons sal wees. Die waarheid is egter dat God alles weet en ons lewe in Sy hande vashou. Hy is en bly goed en het net die beste vir ons. In Jesaja 55 vers 8 staan daar: **'Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie – spreek die HERE.'** Ons verstaan dit glad nie, maar ons kan dit glo. Ons hou vas aan hierdie waarheid en hoop dat jy ook dieselfde doen.

Hierdie maand sou ons Nederland toe gaan, die eerste keer in 3 jaar. In plaas daarvan is ons alreeds vanaf 27 Maart ingeperk. Ons hoop om Desember Nederland toe te gaan, maar niks is seker op hierdie oomblik nie.

Armoede in Suid-Afrika is in hierdie tyd baie meer sigbaar as ooit tevore. Hope mense het hul werk verloor en hul kan nie aan die daaglikse behoeftes van hul gesinne voorsien nie. Ons sien baie meer bedelaars in die straat. Baie van hulle is klein kinders en jy kan die pyn in hul oë sien. RANSOM FOUNDATION het 'n enorme groei gesien in die aanvraag na voedsel, komberse en klere. Andre en sy span was baie besig oor die afgelope twee maande.

## Sakke vol sorg

'Fill-a-Bag' en 'Feed-a-Friend' is twee van die projekte waarmee RANSOM die nood in die gemeenskap tydens die inperking aanspreek. Die harde waarheid in baie gemeenskappe is dat kinders elke dag niks het om te eet nie. Normaalweg kry hulle ten minste een keer per dag 'n maaltyd by die skool.

Die skole is egter al 3 maande toe en veral die armer gemeenskappe se kinders kry baie swaar. Deur middel van die vrygewige samewerking van individue, bure, maatskappye, kerke, vrywilligers, skole en ander vriende, is ons in staat om op 'n praktiese manier die mense in nood te help. Een 'Fill-a-bag' kos ongeveer R250 en voorsien voedsel aan 4-6 persone vir 'n week. Die kleiner voedselpakket, die 'Feed-a-friend' sak, is gevul met soja, rys, sopmengsel en versterkende poeier. Jy kook dit saam en het dan 'n voedsame maal vir 6 mense. Bid asseblief dat God sal bly voorsien in die nodige fondse vir hierdie twee projekte. Tydens die inperkingstyd het RANSOM alreeds meer as 20 000 maaltye voorsien.

Wil jy ook graag betrokke raak? Bid dan saam met ons vir die arm gemeenskappe en/of maak 'n bydrae vir 'n gesin in nood. Soos ons reeds genoem het, kan R250 'n gesin voed vir 'n week.



## Die lemoenboom het ons gered

Jolandi en haar twee tieners woon in 'n klein huisie op 'n plot net buite Pretoria. Aan die voorkant van hul huisie staan daar 'n lemoenboom. Haar man is verlede jaar oorlede en daarna het Jolandi haar werk verloor. Die kinders het twee keer per dag by die skool kos gekry om te eet en Jolandi het iemand se huis skoon gemaak vir 'n bietjie geld. Nadat die skole gesluit het, het hierdie gesin baie swaar begin trek. Die kinders het nie meer elke dag kos by die skool gekry nie en Jolandi het haar skoonmaakwerk verloor tydens die inperking. Aan die einde van Maart was hulle geld op en hul koskas leeg. Vir twee weke lank het hulle net lemoene van die boom buite hul huisie geëet. Andre het gehoor van hierdie gesin en het vir hulle voedsel gaan aflaai. Jolandi het hard begin huil. Sy het vir Andre gewys dat daar nog net een lemoen aan die boom hang. Die vorige aand het sy vir God gevra om hulle te help of om hulle liewers te laat sterf. God het haar gebed verhoor en ons help hul nou elke week. Hopelik gaan die kinders aan die begin van Augustus weer skool toe. Bid asseblief dat God sal bly voorsien vir Jolandi, Sandra en Johan. Bid vir baie gesinne in soortgelyke omstandighede, dat God RANSOM sal gebruik om hulle te bereik voordat dit te laat is.

## Net 'n kombes asseblief...



Winter in Pretoria is snerpnd koud en die kwik daal baie nagte tot onder vriespunt. Baie mense het geen verwarming in hulle huise nie en dit is meestal buite in die son warmer as binne in die huise. Tydens een van Andre se voedsel uitdeeltogte het Andre vir Vicky vir die eerste keer ontmoet. Voor die inperking het Vicky

koerante verkoop aan die mense op straat. Nou moes sy by die huis bly sonder enige inkomste. Haar 1-kamer woning het geen gordyne nie en net 'n sement vloer. Haar matras lê direk op die

sement vloer. Sy is 64 en lei aan diabetes. Sy was so dankbaar vir die kospakkie, maar Andre kom toe agter dat sy baie skaam voel om iets te vra. Toe vra Vicky: 'Andre, as ek mag vra, het jul dalk 'n kombes vir my?' Sy het onder kartondose sonder lakens en kombes op haar matras geslaap. Andre het verskillende mense gebel en nog dieselfde dag het 'n skool by ons in die buurt 250 kombes aan RANSOM geskenk. Iemand het ook lakens, gordyne en ander beddegoed gegee vir Vicky. Die volgende dag het Andre dit na haar toe geneem en die vreugde op haar gesig was onbeskryflik. Andre het vir haar 'n klein Bybeltjie gegee en vir haar gebid. Bid vir Vicky, dat sy Jesus sal leer ken en dat Hy weer selfwaarde aan Vicky sal skenk en vir haar sal sorg.

## Lidy en die dames



Op 1 Maart het Lidy met haar deeltydse rol begin as kinderwerker by Willows Gemeente. Drie weke later het die gemeente gesluit as gevolg van die inperking. Nou moes Lidy maniere vind om op afstand haar werk te doen. Sy het toe begin met die voorbereiding en weeklikse opnames van video lesse vir die kinders wat elke Sondag uigesaai word. Die ouers ontvang elke

week 'n epos met informasie oor die lesse en knutselwerkies wat daarby pas. Die terugvoer van ouers op die lesse is maar traag en dus kan sy nie peil hoeveel kinders bereik word nie. Bid dat God Lidy sal gebruik om die kinders te bereik met Sy woord.

Saranda is mal daarvoor om tuis te bly en mis dit glad nie om skool toe te gaan nie. Sy hoef nie so vroeg op te staan nie en is meestal reeds vroeg klaar met haar daaglikse skoolwerk. Soms werk sy deur en is sy selfs voor met haar werk. Sy mag elke middag twee ure op die selfoon wees en gebruik



dan die tyd om met haar maats te klets. Sy mis haar skoolmaats baie. Op die oomblik lyk dit of sy teen 6 Augustus weer terug skool toe sal gaan.

Aan die begin van die inperking het Amber bly vra of daar iemand gaan kom kuier en of ons na die winkelsentrum kon gaan. Ons het probeer verduidelik dat die President nuwe reëls gegee het en dat ons tuis moes bly. Sy het hom eers Goliath genoem (😊) en gesê dat hy sleg was. Nou sê sy vir alles: 'Ramaphosa sê 'nee'.' Sy het nou daarby aangepas. Die kleuterskool voorsien ons van knutselwerkies en materiale wat ons baie help om dit draaglik vir haar te maak by die huis. Op 9 Junie het Amber drie jaar oud geword en ondanks die feit dat ons nie maatjies kon oornooi nie, het sy baie geniet van haar spesiale dag en haar prinseskoek. Sy is regtig so 'n dankbare meisietjie. Bid asseblief dat die aannemingsproses gou weer verder geneem sal word. Alles is natuurlik gestaak tydens die inperking.

### **Baie dankie**

Dit is so n vreemde tyd waarin ons leef. Elke persoon in die wêreld het dieselfde ervarings as gevolg van die pandemie. Ons wil vir elkeen uit ons harte dankie sê wat saam met ons staan deur middel van gebed en/of finansiële bydrae. Baie dankie dat jy gee en baie dankie vir jou gebed. Mag jy die aanwesigheid van God ervaar en bly groei in jou geloof.

### **Liefde en vrede**

**Andre, Lidy, Saranda en Amber**

**Besoek gerus ons fantastiese nuwe webwerf:**

[www.ransomfoundationsa.org](http://www.ransomfoundationsa.org)

**Jy kan ons ook vind op facebook:**

<https://www.facebook.com/RansomSA/>



Andre: [andre.vanderbergh@willows.org.za](mailto:andre.vanderbergh@willows.org.za)

+27 (0)711033550

Lidy: [vanderberghlidy@gmail.com](mailto:vanderberghlidy@gmail.com)

+27 (0)789143749